

KONINKRYK. SUPPLEMENT 16

[DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE VYEBOOM en DIE WAAKSAME SLAAF

“Die gelykenis van die vyeboom” in Matteus 24:32-35
en “die gelykenis van die waaksame slaaf” in Lukas 12:35-40 is gelykenisse oor
WAAKSAAMHEID IN GOD SE KONINKRYK.

A. DIE VYEBOOM

Lees Matteus 24:32-35.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Hierdie gelykenis is meer 'n *illustrasie* dan 'n verhaal.

Bome. Wat Jesus oor die vyeboom sê, kon Hy ook oor ander bome gesê het, met uitsondering van bome wat altyd groen bly (Lukas 21:29).

Blare wat uitloop. Wanneer nuwe tye en blare van 'n boom begin uitloop, dan weet almal dat die somer naby is.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 24:1-31.

Matteus 24 en 25 bevat die onderrig van Jesus oor die laaste dinge. Die boodskap van hierdie twee hoofstukke is dat Christene waaksam moet wees met betrekking tot die wederkoms van Jesus Christus as die Een wat oordeel en wat beloon. Die profesieë in hierdie hoofstukke het betrekking op die gebeurtenisse in die nabye toekoms en op gebeurtenisse in die verre toekoms aan die einde van die geskiedenis. Die naderende oordeel oor Jerusalem (deur die Romeine in 70 n.C.) en die laaste oordeel oor die hele wêreld (by die wederkoms van Christus) word met mekaar verstrengel tot één onderrig oor “die laaste dinge”. Die naderende katastrofe van Jerusalem dien as 'n tipe ('n illustrerende voorbeeld) van die katastrofe kort voor die wederkoms van Christus.

Matteus 24:1-3. Die aangeleentheid. Die aangeleentheid vir hierdie onderrig was die twee vrae wat die dissipels aan Jesus gestel het: Wanneer sal die tempel van Jerusalem vernietig word? En wat is die teken van die wederkoms van Christus, *dit wil sê* (Grieks: kai eksplikatief), die teken van die einde van hierdie wêreld.

Matteus 24:4-14. Die begin van die geboortepyne. Verskillende soorte van beproewinge soos oorloë, hongersnood en aardbewings sal die verkondiging van die evangelie aan alle nasies in die wêreld begelei. Al hierdie gebeurtenisse moet plaatsvind vóór die einde.

Matteus 24:15-28. Die groot verdrukking word deur die verdrukking van Jerusalem voorspel. Jesus sê dat die beproewinge van Jerusalem sal plaasvind wanneer mense “die gruwel wat verwoesting aanrig sal sien staan in die heilige plek (die tempel). Dit het in vervulling gegaan toe in 70 n.C. die leërs van Rome met hul soldate die afbeeldings van hul keiser as afgod op hul standarde die tempel ingedra het en vervolgens die tempel en die stad vernietig het (Lukas 21:20).

Maar Jesus het gesê dat die verwoesting van Jerusalem nog nie die einde van die geskiedenis sou wees nie. Die periode van die Groot Verdrukking sou 'n tyd van angs en benoudheid wees, wat in die menslike geskiedenis nooit sy gelyke gesien het nie. Ware Christene moet waak sodat valse Messias figure (Christusse) en valse profete hulle nie met hulle valse verkondigings en wonderwerke mislei nie.

Matteus 24:29-31. Die verskyning van Christus. Die wederkoms van Jesus Christus sal plotseling en geheel onverwags plaasvind. Dit sal orals sigbaar wees netsoos die flits van 'n weerlig van horison tot horison gesien word. Dit

sal orals hoorbaar wees deur die luide trompetgeluid. Die engele van Christus sal die uitverkorenes (die ware Christene) bymekaarbring.

Matteus 24:32-35. Die gelykenis van die vyeboom. Wanneer die dissipels die reeks gebeurtenisse sien wat hul klimaks bereik met “die verskyning van die gruwel wat verwoesting aanrig” in die heilige plek (die tempel), dan sal hulle weet dat die vernietiging van Jerusalem en die tempel naby is. Maar “in die leeftyd van hierdie geslag (d.w.s., hierdie soort mense soos die Joodse volk) sal dit alles baie seker gebeur (d.w.s. alles wat tussen die eerste koms en wederkoms van Christus moet gebeur”).

Matteus 24:36-44. Die noodsaak om altyd waaksaam en gereed te wees. Die sondvloed in die dae van Noag het plotseling en onverwags gekom. Die wederkoms van Christus sal net so plotseling en onverwags kom. Dit bly heeltemal onvoorspelbaar! Niemand weet die dag of selfs die uur nie! By sy wederkoms sal Jesus Christus seker nie alle mense in sy gemeenskap verwelkom nie. Die Christene sal deur engele weggeruk en in wolke opgeneem word na ’n ontmoeting met Jesus Christus in die lug (1 Tessalonisense 4:17) om Hom by sy wederkoms te verwelkom en te bewonder (2 Tessalonisense 1:10). Maar alle ongelowiges (nie-Christene en naam-Christene) sal agtergelaat word (Matteus 24:40-41). Hulle sal geen aandeel hê aan die heerlike en blye verwelkoming van Jesus Christus by sy wederkoms nie, maar sal later op dieselfde laaste dag deur die engele voor die troon van Christus se heerlikheid in die lug gedryf word om geoordeel (verdoem) te word (Matteus 25:31-33).

Matteus 24:45-51. Die gelykenis van die troue en ontroue rentmeester (Lukas 12:41-48). Waaksaamheid en gereedheid beteken om trou en ywerig in God se Koninkryk te dien.

Matteus 25:1-13. Die gelykenis van die wyse en dwase meisies. Elke dag waaksaam en voorbereid wees is iets wat Jesus Christus van elke Christen vereis, juis omdat die tydstop van sy wederkoms volkome onbekend is.

Matteus 25:14-30. Die gelykenis van die talente. Jesus Christus vereis ook dat elke Christen trou en ywerig sy deur God gegewe vermoëns en geleenthede te gebruik vóór die wederkoms en laaste oordeelsdag.

Matteus 25:31-46. Die gelykenis van die skape en die bokke. Hierdie gelykenis beskryf die laaste oordeelsdag van sowel oprepte Christene as nie-Christene by die wederkoms van Christus.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 24:32.

Die woorde in hierdie gelykenis het waarskynlik hul wortels in Jesaja 34:4, “Al die hemelliggame sal wegsmelt; die hemel sal soos ’n boekrol toegerol word en al die sterre sal hulle glans verloor soos die blare van ’n wingerdstok of van ’n vyeboom wat verdroog.” Die stuiptrekkings van die wêreld van die natuur (sien Hebreërs 12:26-27) word vergelyk met die val van uitgedroogde blare en verskrompelde vye van ’n vyeboom. Jesus het gepraat oor die belangrike gebeurtenisse kort vóór en tydens sy wederkoms as die skud van die kragte in die heelal. Hy het dit vergelyk met die skud van ’n vyeboom in ’n stormwind. Nou leer Hy ’n les uit die gelykenis van daardie selfde vyeboom.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 24:33-35.

In Matteus 23:37 - 24:3 het Jesus gepraat oor die vernietiging van Jerusalem met sy tempel. Sy dissipels het twee vrae aan Hom gestel: Die eerste vraag was, “Wanneer sal hierdie dinge gebeur?” En die tweede vraag was, “Wat sal die teken van u koms en van die einde van hierdie wêreld wees? Die Griekse woord vir “en” is “kai” en beteken hier “dit wil sê” (of “naamlik” of “met ander woorde”) (verklarende “kai”). Dit impliseer nie ’n derde vraag nie, maar verklaar dat “DIE KOMS VAN JESUS CHRISTUS” “DIE EINDE VAN DIE WÊRELD” is! Die wederkoms van Christus is die allerlaaste gebeurtenis op hierdie teenswoordige aarde¹. Die uitleg van die gelykenis van die vyeboom wat uitloop staan direk in betrekking met hierdie twee vrae. Die eerste gedeelte van die uitleg (Matteus 24:33) is verwant aan die eerste vraag en die tweede gedeelte van die uitleg (Matteus 24:34-35) is verwant aan die tweede vraag.

Die eerste vraag van die dissipels was: “Wanneer sal hierdie dinge gebeur?” Die antwoord van Jesus op hierdie eerste vraag van sy dissipels² was: “Wanneer julle al hierdie dinge sien, weet dat die tyd naby is, voor die deur” (Matteus 24:33). Jesus het tot sy eie dissipels gespreek. Die woorde: “Julle (2^{de} persoon meervoud)(die dissipels) sal sien” moet slaan op die vervulling van die voorspellings wat Jesus in hierdie konteks gemaak het, in soverre sy dissipels ooggetuies van die vervulling van hierdie gebeurtenisse kon wees! Hy het voorspel dat die stad Jerusalem met sy tempel verwoes sou word. Hy het voorspel dat geen klip op ’n ander sou bly nie, maar dat alles afgebreek sou word. Sy eie dissipels sou die volgende gebeurtenisse met hulle eie oë sien: die opkoms van valse Christusse en valse profete, oorloë en gerugte van oorloë, hongersnode en aardbewings ens. Jesus het al hierdie gebeurtenisse “die begin van geboortepyne” genoem (Matteus 24:4-8).

Soortgelyke gebeurtenisse het al plaasgevind vóór en tydens die val van Jerusalem in 70 n.C. Selfs die voorspelling oor “die gruwel wat verwoesting aanrig in die heilige plek” (Matteus 24:15-20) het al in vervulling gegaan in die tyd van sy eie dissipels. Dit was ’n verwysing na die Romeinse soldate wat in 70 n.C. met hul standaard waarop die afgodsbeeld van hul keiser geplaas was, die tempel binnegedring het (Lukas 21:20). Daarom is dit natuurlik om Matteus 24:33 te verstaan as: “Wanneer die eie dissipels van Jesus Christus al hierdie gebeurtenisse sou sien, sou hulle weet dat die val van Jerusalem en die tempel op hande was!

¹ Bv. ’n duisendjarige vrederyk (soos die bedelingeleer voorstel) sal glad nie ná die wederkoms kom nie!

² Jesus het hierdie woorde in 30 n.C. uitgespreek.

Die tweede vraag van die dissipels was: “Wat sal die teken van U koms, dit wil sê (naamlik), van die einde van hierdie wêreld wees?” Die antwoord van Jesus op die tweede vraag van sy dissipels was: “Dit verseker Ek julle : Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal dit alles gebeur.”

Die “teken” (Grieks: sémaion) verwys hier na ’n gebeurtenis wat plaasvind in die skepping of in die geskiedenis, maar wat van sigself afwys na ’n geestelike betekenis, naamlik, die verlossing.³ Die dissipels het vrae gestel oor watter gebeurtenisse in die geskiedenis wys na die wederkoms van Jesus Christus en die uiteindelijke verlossing van sy volk. Die dissipels het die woorde van Jesus oor die vernietiging van Jerusalem en in besonder die vernietiging van die tempel uitgelê as “die einde van die wêreld”. Hulle uitleg was gedeeltelik verkeerd: Jesus het gesê dat daar ’n lang periode sou kom tussen die vernietiging van Jerusalem met sy tempel enersyds en die wederkoms van Jesus Christus andersyds.

Jesus het duidelik gemaak dat gedurende die lang periode (ingeslote die vernietiging van Jerusalem en die tempel) en die wederkoms (die einde van die teenswoordige wêreld) Christene vervolgd en gedood sou word, en deur alle volke in die wêreld gehaat sou word omdat hulle ’n verhouding met Jesus Christus het! Baie valse profete (selfs vanuit die Christendom en vanuit die nie-Christelike godsdienste en vanuit politieke bewegings) sou kom en baie mense mislei. Baie naam-Christene sou van die Christelike Geloof afvallig word, die kerk verlaat en selfs mekaar verraai. Die ongeregtheid sou toeneem en die liefde by baie sou verkoel. Maar voordat die einde kom, sou die evangelie van die koninkryk (d.w.s. die koningskap van Jesus Christus) aan elke nasie in die wêreld verkondig word (Matteus 24:14).

Dit is duidelik dat al die gebeurtenisse vanaf die eerste koms van Christus tot sy wederkoms nie deur die klein groepie dissipels van Jesus Christus gesien kon word nie. Die woorde: “Wanneer julle (die twaalf dissipels van Jesus) al hierdie dinge sien,” (Matteüs 24:33) verwys alleen na die dinge wat sy eie dissipels met hul eie oë kon sien. En die woorde: “Sal dit alles gebeur” (Matteüs 24:34) verwys na dinge wat in die lang periode tussen die eerste koms van Christus tot sy wederkoms sou gebeur! Hulle verwys nie na dieselfde dinge nie!

Matteus 24:35 wys na die einde van hierdie teenswoordige hemel en aarde (die skepping uit Genesis 1). Matteus 24:36 - 25:46 verwys ook na gebeurtenisse rond die tyd van die wederkoms van Christus. Daarom wys die konteks dat die woorde “al hierdie dinge” in Matteus 24:34 verwys na gebeurtenisse deur die eeue heen tot die wederkoms van Christus en na die wederkoms self!

Die woord: “hierdie geslag” hoef nie noodsaaklik beperk te word tot ’n groep tydensgenote wat in die tyd van Jesus geleef het of wat in die een-en-twintigste eeu leef nie. Dit kan verwys na ’n betekenis wat veel verder gaan: naamlik, na “hierdie soort mense”, byvoorbeeld: “die Jode wat in elke eeu leef” (Deuteronomium 32:5,20; Psalm 12:7; 78:8; Handeling 2:40; Filippense 2:15; Hebreërs 3:10). Daarom kan die woord “geslag” (generasie) in Matteus 24:34 ook hierdie betekenis hê. Jesus het duidelik gemaak dat die Joodse volk nie verby sal gaan totdat al hierdie gebeurtenisse tot die wederkoms van Jesus Christus plaasgevind het nie (Jeremia 31:36)! Israel het ondanks al haar voorregte tog haar Messias verwerp en gekruisig. Daarom sou dit natuurlik kan lyk dat Israel as volk uitgeroei kon word. Jesus Christus maak dus ’n duidelike voorspelling dat die Joodse volk sou voortbestaan tot sy wederkoms.

Ook die apostel Paulus het voorspel dat daar in elke eeu ’n uitverkore deel (oorblyfsel) uit die volk van Israel gered (verlos) sou word, net soos ’n uitverkore deel uit alle heidense volke gered (verlos) sou word (Romeine 11:1-2,25-26). Alhoewel die eie dissipels van Jesus Christus al hierdie gebeurtenisse nie sou sien nie, sou hulle seker plaasvind! Alhoewel die teenswoordige hemel en aarde (die teenswoordige geskape heelal) verby sal gaan, sal die woorde van Jesus Christus nimmer verbygaan nie (Matteus 14:35)! Die woorde van Jesus Christus is die fondament waarop die kinders van God hul geloof bou!

Konklusie: Matteus 24:33 is die antwoord van Jesus Christus op die vraag van sy dissipels in Matteus 24:3a. En Matteus 24:34 is die antwoord van Jesus Christus op die vraag van sy dissipels in Matteus 24:3b.

Daar is ’n verskil tussen die uitleg van Matteus en Markus enersyds en die uitleg van Lukas andersyds. Terwyl Matteus en Markus spreek oor die val van Jerusalem as ’n tipe van die val van die hele wêreld in die eindtyd, maak Lukas ’n onderskeid tussen die val van Jerusalem (Lukas 21:20-24) en die val van die wêreld in die eindtyd (Lukas 21:25-28). Terwyl die woorde “die groot verdrukking” in Matteus 24:21,29 en Markus 13:19,24 ’n dubbele betekenis het, naamlik, as ’n verwysing na die gebeurtenisse by die val van Jerusalem (Matteus 24:15-20; Markus 13:14-18) en na die gebeurtenisse kort voor die wederkoms van Christus (Matteus 24:21-31; Markus 13:19-27), verwys hierdie woorde in Lukas alleen na die gebeurtenisse by die val van Jerusalem (Lukas 21:23)!

Daarom verwys die woorde in Lukas “Wanneer julle hierdie dinge sien gebeur” (Lukas 21:31) alleen na die gebeurtenisse met betrekking tot die wederkoms van Christus soos opgeteken in Lukas 21:25-28 en dat alleen mense wat in die eindtyd lewe dit sal kan sien. Volgens Lukas, wanneer al hierdie dinge gebeur, sal Christene wat in die eindtyd lewe weet “dat die koninkryk van God naby is”, d.w.s., dat die koninkryk van God in sy definitiewe fase as die nuwe hemel en die nuwe aarde op die punt staan ’n werklikheid te word. Nietemin sê alle drie Evangelies dat “hierdie

³ Die tekens in die Evangelie van Johannes: Die verandering van water in wyn was ’n teken dat Jesus die Bron van die ewige lewe is (Johannes 2:11; 4:14). Die genesing van siele was ’n teken dat Jesus die Kneeg van die HERE is (Johannes 6:2; Matteus 8:17). Die wonderlike voeding van duisende mense was ’n teken dat Jesus die Brood van die Lewe is (Johannes 6:14,26). Die genesing van die blindgeborene was ’n teken dat Jesus die Lig van die wêreld is (Johannes 9:16). Die opwekking van Lazarus was ’n teken dat Jesus die Opstanding en die Lewe is (Johannes 11:47). Die ingaan deur geslote deure was ’n teken dat Jesus “die sleutel van David het” wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie en dat Hy ’n deur vir hulle oopgesluit het wat niemand weer kan toesluit nie (Openbaring 3:7-8) (sien Johannes 20:30-31).

geslag” seker nie verby sal gaan nie, totdat alles gebeur het”, d.w.s., dat die Joodse volk nie sal ophou om te bestaan nie totdat al hierdie dinge gebeur het.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale punt, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) werklik essensieel of relevant is?

Aantekeninge. Hierdie gelykenis is eerder ’n geïllustreerde vergelyking as ’n verhaal waarin sommige details relevant kan wees.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. ’n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om ’n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van ’n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die vyeboom waarvan die blare begin uitloop in Matteus 24:32-35 gaan oor “waaksaamheid in die koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Die profesieë van Christus oor die dinge wat gaan gebeur gedurende die hele periode tussen die eerste koms van Christus en sy wederkoms sal seker gebeur en behoort Christene aan te spoor waaksaam en voorberei te wees vir die wederkoms van Jesus Christus.”

Waaksaamheid is één van die fundamentele kenmerke van die koninkryk van God. Die ware burgers in die koninkryk van God glo in die profesieë van Christus met betrekking tot sy wederkoms en hulle is daarom waaksaam en voorbereid vir sy wederkoms.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Sien les 45.

6. Maak ’n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Sien les 45.

B. DIE WAAKSAME SLAAF

Lees Lukas 12:35-40.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die heupe omgord. Mense en ook slawe het veral lang wapperende kledingstukke gedra. As hulle moes hardloop of werk, het hulle hul lang klere met ’n riem hoog om hul heupe gebind. So het hulle die hindernis van lang kledingstukke as hulle hardloop of werk weggeeneem (Handelinge 7:58). Dit is ’n simboliese uitdrukking vir: “Wees gereed (vorberei) om te dien.”

Die lampe aan die brand. Die eienaar was nie tuis nie omdat hy ’n bruihof bygewoon het. Die huisslawe het glad nie geweet wanneer hy terug sou kom nie. Bruiolfsfeeste kon ’n paar dae tot selfs ’n week lank duur (Rigters 14:17). In hierdie verhaal het die huisslawe verwag dat die eienaar daardie nag tuis sou kom. Daarom het hulle wakker gebly sodat hulle hom kon dien as hy tuis kom. Die feit dat hulle hul lampe laat brand het, wys daarop dat hulle waaksaam en gereed was.

Die tweede en derde nagwaak (ANV: middernag en met hanekraai). Die Jode het hulle nag in drie nagwake verdeel (Rigters 7:19). Die Romeine het hulle nag in vier nagwake verdeel (Matteus 14:25; Markus 13:35). Lukas het waarskynlik die Romeinse indeling gevolg omdat hy meesal Matteus en Markus nagevolg het (Lukas 12:38)⁴.

⁴ Die Markus Evangelie is deur Markus geskrywe. Hy was die medewerker van die apostel Petrus in Rome (1 Petrus 5:13) en was veral gerig op die Romeine. Matteus (63-66 n.C.) en Lukas (60-61 n.C.) het hulle Evangelies op dié van Markus (44-46 n.C.) gebaseer.

Die eienaar sal sy huisslawe aan sy tafel laat sit en hulle kom bedien. Dit was uitsonderlik! In die gewone lewe sal 'n huis eienaar nooit sy slawe bedien nie, maar moet die huisslawe die eienaar bedien. Tweemaal sê Jesus, "Gelukkig is die slawe" (Lukas 12:37-38)! Ook hierdie uitspraak is merkwaardig!

Die eienaar van die huis en die dief. Geen huiseienaar sal 'n dief toelaat om in sy huis in te breek as hy weet dat 'n dief kom. Alleen huiseienaars wat geen dief verwag nie, sal hulle nie gereed maak vir die koms van 'n dief nie.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 12:13-34.

Jesus het die gelykenis van die ryk dwaas vertel. Daarna het Hy gesê dat 'n mens geen sorg moet maak oor sy materiële behoeftes in die lewe nie, omdat God sorg vir sy mense op die aarde en Hy heel graag sy koninkryk aan hulle gee! Daarom spoor Jesus hulle aan om hul materiële besittings te gebruik om die koninkryk van God op hierdie aarde te bevorder en nie te fokus op aardse skatte nie, maar op hemelse skatte. Aardse skatte word gebruik totdat daar niks meer oorbly nie. Dit kan ook gesteel of geroof word, of vergaan deur te roes en deur motte wat dit opvreet. Maar die hemelse skatte kan gewoon nie opraak nie en ook nooit vergaan nie! Jesus leer, "Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees" (Matteus 6:21)!

Op hierdie punt het Jesus die gelykenis van die waaksame slaaf vertel. Hierdie gelykenis is die teenoorgestelde van die gelykenis van die ryk dwaas. Die ryk dwaas het sy gedagtes en hart gesit op aardse skatte (dinge wat hy in hierdie wêreld verwerf of presteer), maar die waaksame slaaf het sy gedagtes en hart gesit op die ewige rykdom van die hemel en die nuwe aarde!

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 12:35-38.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 12:39-40.

Vers 39 is 'n gelykenis binne 'n gelykenis en deel van die uitleg. Alhoewel die eienaar nie weet wanneer die dief kom nie, moet hy elke oomblik gereed wees om sy eiendomme te beskerm. So moet die dissipels van Jesus Christus die wederkoms van Jesus Christus bly verwag! Jesus Christus kom (baie seker) op 'n oomblik wanneer geen mens⁵ dit verwag nie!

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) werklik essensieel of relevant is?
Aantekeninge. Jesus het geen detail 'n besondere betekenis gegee nie.

Die heupe omgord en die lampe aan die brand. Hierdie detail is relevant, omdat dit direk verwys na die sentrale boodskap van die gelykenis, naamlik, elk moment kan ons die wederkoms van Jesus Christus verwag.

Die tweede of die derde nagwaak. Jesus gee aan hierdie detail geen besondere betekenis nie. Omdat die eerste nagwaak heeltemal in beslag geneem word deur die bruilofsfees, het die slawe die terugkeer van die eienaar nie eerder as die tweede nagwaak verwag nie. Niemand op die aarde weet wanneer die wederkoms van Jesus Christus en dus ook die laaste oordeel van alle mense sal plaasvind nie (Matteus 24:36; Handeling 1:7; 1 Tessalonisense 5:1-3)!

Die eienaar sal sy huisslawe aan sy tafel laat sit en hulle kom bedien. Hierdie detail is relevant! Alhoewel in die gewone lewe 'n baas nooit sy slawe sou bedien nie, het die Here Jesus Christus dit nie alleen gedoen toe Hy nog tydens sy eerste koms op die aarde was nie (Markus 10:45; Lukas 22:27; Johannes 13:1-15), maar sal Hy dit ook by sy wederkoms doen! Hy sal dié wat Hom trou gedien het, bedien op 'n manier wat ooreenkom met sy heerlikheid en majesteit! Hy sal sy troue slawe bedien! Byvoorbeeld, Hy sal die verlossingswerk wat Hy eenmaal begin het, heeltemal voltooi, hul menslike gees verander sodat dit gelykvormig word aan sy verheerlikte menslike gees en karakter (1 Johannes 3:2; sien 2 Petrus 1:4) en Hy sal hul vernederde sterflike liggaam verander sodat dit gelykvormig word aan sy verheerlikte menslike opstandingsliggaam (Filippense 3:21). En Hy sal hulle na die nuwe hemel en die nuwe aarde lei, waar hulle vir ewig in sy teenwoordigheid sal lewe (Openbaring 21:1-3)!

Die huiseienaar sal homself omgord (ANV: self 'n voorskoot aansit). Hierdie detail is relevant, omdat dit direk verwys na die toepassing van hierdie gelykenis.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitleg of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleg. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één*

⁵ Geen sogenaamde "profeet" kan voorspel wanneer Jesus kom nie. Geen onderdeel van die massa media soos 'n koerant of TV kan dit aankondig nie!

sentrale les. Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die waaksame slaaf in Lukas 12:35-40 gaan oor “waaksaamheid in die koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is dieselfde as die boodskap van die vyf wyse en vyf dwase meisies. “Christene moet elke oomblik waaksaam bly, voorberei en gereed wees vir die wederkoms van Jesus Christus.”

Waaksaam en voorberei wees is twee fundamentele kenmerke van die koninkryk van God. Die ware burgers in die koninkryk van God sal voortdurend gereed staan om hul Here, Jesus Christus, te ontvang.
